Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Almaret du Toit**
Direktoraat: Kurrikulum AOO
Almaret.Dutoit@westerncape.gov.za | 021 467 2172

Lêerno.: 21/2/5/2/EGRA
Verwysing: 20230327-2933

Kurrikulum AOO-minuut: 0004/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs vir die Grondslagfase, Prinsipale en Departementshoofde van alle gewone openbare skole

**Onderwerp: Vergelykingstandaarde vir vroeëgraad-leesassessering (*Early Grade Reading Assessment* (EGRA) in die Grondslagfase**

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het die vroeëgraad-leesassessering (EGRA) ingestel om lees en begrip in die Grondslagfase te versterk. Die leesassessering word deur klasonderwysers afgeneem en is 'n diagnostiese instrument.

2. Alle skole in die Wes-Kaap ontvang sedert 2015 opleiding oor die EGRA-program, en dit word tans in alle skole in die provinsie geïmplementeer.

3. Die data van die assessering word op die provinsiale EGRA-paneelbord aangeteken.

4. Gedurende 2022 het die DBO, die navorsingsgroep wat fokus op sosio-ekonomiese beleid (RESEP) aan die Universiteit Stellenbosch, die Southern Africa Labour and Development Research Unit (SALDRU) en die Universiteit van Chicago navorsing gedoen oor die vergelykingstandaarde vir die Nguni-tale, Afrikaans Huistaal en Engels Eerste Addisionele Taal (EEAT). Xhosa Huistaal is deel van die Nguni-tale.

5. Die navorsing is die eerste van sy soort om betroubare vergelykingstandaarde vir die spesifieke taalgroepe daar te stel en het tot nuwe insigte gelei oor die vergelykingstandaarde wat leerders tydens 'n minuut lange assessering in elk van die verskillende kategorieë behoort te bereik. Bylae A, B en C is as verwysing in hierdie verband aangeheg.

6. Die navorsing het tot die daarstelling van die volgende vergelykingstandaarde gelei:

| Xhosa Huistaal | |
|---|---|
| Assessering | Nuwe vergelykingstandaard |
| Herkenning van letters en klanke | Geen verandering aan die huidige vergelykingstandaarde |
| Herkenning van woorde | Geen verandering aan die huidige vergelykingstandaarde |
| Lees van 'n paragraaf | Teen die einde van graad 2, behoort alle leerders minstens 20 woorde per minuut korrek te kan lees wanneer hulle 'n paragraaf lees.<br>Teen die einde van graad 3, behoort alle leerders minstens 35 woorde per minuut korrek te kan lees wanneer hulle 'n paragraaf lees. |
| **Afrikaans Huistaal** | |
| Assessering | Nuwe vergelykingstandaard |
| Herkenning van letters en klanke | Geen verandering aan die huidige vergelykingstandaarde |
| Herkenning van woorde | Geen verandering aan die huidige vergelykingstandaarde |
| Lees van 'n paragraaf | Teen die einde van graad 2, behoort alle leerders minstens 50 woorde per minuut korrek te kan lees wanneer hulle 'n paragraaf lees.<br>Teen die einde van graad 3, behoort alle leerders minstens 80 woorde per minuut korrek te kan lees wanneer hulle 'n paragraaf lees. |
| **Engels Eerste Addisionele Taal** | |
| Assessering | Nuwe vergelykingstandaard |
| Herkenning van letters en klanke | Geen verandering aan die huidige vergelykingstandaarde |
| Herkenning van woorde | Geen verandering aan die huidige vergelykingstandaarde |
| Lees van 'n paragraaf | Teen die einde van graad 2, behoort alle leerders minstens 30 woorde per minuut korrek te kan lees wanneer hulle 'n paragraaf lees.<br>Teen die einde van graad 3, behoort alle leerders minstens 50 woorde per minuut korrek te kan lees wanneer hulle 'n paragraaf lees. |

7. Graad 1-leerders sal in April (Kwartaal 1) slegs oor die herkenning van letters en klanke geassesseer word. In Oktober (Kwartaal 4), sal graad 1-leerders oor die herkenning van klanke en letters en die herkenning van woorde geassesseer word. Graad 1-leerders sal nie oor die lees van 'n paragraaf geassesseer word nie.

8. Die doel van hierdie minuut is om skole in kennis te stel dat hierdie nuwe vergelykingstandaarde vanaf April 2023 geïmplementeer sal word.

9. Bylae D, E, F en G is aangeheg as voorbeelde van die nuwe vasleggingsblaaie vir die verskillende tale.

10. Die vergelykingstandaarde vir Engels Huistaal bly dieselfde as in vorige jare.

11. Prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag te bring van alle Grondslagfase-onderwysers en skoolbestuurspanne by hul skole.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2023-03-29